



# RAADSKOERANT

## BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

[www.volksraad.co.za](http://www.volksraad.co.za)    [kontak@volksraad.co.za](mailto:kontak@volksraad.co.za)  
Posbus 1221, Rayton, 1001    Tel: 012 940 4271

Nommer 4

Woensdag 31 Julie 2013

### VOLKSRAADKENNISGEWING

#### Verkiesing 2014

**N**ademaal die Volksraad se termyn op 9 Oktober 2014 verstryk, het die Volksraad die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) versoek om 'n verkiesing vir die volgende Volksraad op 27 September 2014 te hou.

Tydens die Volksraadsvergadering van 13 Julie 2013 het die Voorsitter van die VVK 'n verkiesingsbegroting van R1,9 miljoen aan die Volksraad voorgelê en betoog dat **'n verkiesing slegs gehou kan word indien dié bedrag betyds gevind word.**

DERHALWE HET DIE VOLKSRAAD BESLUIT:

1. 27 September 2014 is voorwaardelik die verkiesingsdatum. Die voorwaarde is dat die fondse bekom moet word teen 'n bepaalde tempo, wat bepaal sal word.
2. 'n Verkiesingsfonds word in die lewe geroep en onder die beheer van die VVK gestel.
3. Die eerste mylpaal van R320 000 moet teen einde Desember 2013 ingesamel word.
4. **ELKE GEREGISTREERDE KIESER WORD VERSOEK OM EENMALIG R100 TOT DIE FONDS BY TE DRA.**

**Bydraes moet in die volgende rekening gedeponeer word:**

*Rekeninghouer:* Volksraad Verkiesing Kommissie.

*Bank:* Standard Bank van S.A., Lynnwoodrif, takkode 012-445.

*Rekeningnommer:* 18289541

*Verwysing:* **Vfonds + Id-nommer** van bydraer.

Volksorganisasies en registrasiebeamptes word versoek om intussen volstoom voort te gaan met oriëntasie en registrasie van kiesers ten einde

deurgaans voorbereid te wees om 'n volksverkiesing of referendum te kan hou.

A.E. BREYTENBACH

Voorsitter

Kleinfontein, 29 Julie 2013

### VOLKSRAADKENNISGEWING

#### Klag by S.A. Menseregtekommissie

**B**evestiging is van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ontvang dat die vergadering van hulle Kommissaris op 30 en 31 Julie 2013 sal plaasvind, tydens welke geleentheid die Volksraad se klag teen die Suid-Afrikaanse Regering weens laasgenoemde se versuim om sy internasionale verdragsverplichtinge met betrekking tot selfbeskikking van volkere onder sy gesag onder meer behandel sal word.

A.E. BREYTENBACH

Voorsitter

Pretoria, 29 Julie 2013

### VOLKSRAADKENNISGEWING

#### Samesprekings met regsverteenwoordigers

**D**ie Volksraad voer D.V. Donderdag 1 Augustus 2013 samesprekings met sy regsverteenwoordigers oor moontlike regsopsies om die Boere-Afrikanervolk se aanspraak op selfbeskikking te bevorder.

A.E. BREYTENBACH

Voorsitter

Pretoria, 30 Julie 2013

### VOLKSRAADKENNISGEWING

#### Volksoorlewing en -vryheid

**D**ie Volksraad het op sy vergadering van 13 Julie 2013 die Boere-Afrikaner se posisie

in oënskou geneem in die lig van die demografiese situasie in Suid-Afrika en gesaghebbende interpretasies van die Volkereg oor volke se reg op selfbeskikking.

Die grootste enkele struikelblok in die weg van verkryging van soewereine vryheid (ofte wel eksterne selfbeskikking) vir die Boere-Afrikaner, is ons volk se verspreidheid oor die oppervlakte van Suid-Afrika te midde van die aanwezigheid van groot getalle volksvreemdes wat met verloop van jare in ons midde gevestig geraak het en ons volk tienvoudig in getalle oortref. Die bevolking van Suid-Afrika tel tans meer as 52 miljoen, waarvan slegs 4,6 miljoen blankes is. Daarvan is na raming sowat 3 miljoen Afrikaanssprekend, van wie 'n deel hulle van ons volk se nasionale strewe distansieer en dus nie tot die Boere-Afrikanervolk behoort nie. Die voorgenoemde S.A. bevolkingsyfer sluit nie die getalle persone in wat Suid-Afrika onwettig binnestroom uit Afrika, Indië en Sjina nie. Hulle getal word op etlike miljoene geskat. Jaar na jaar versleg die verhouding tussen die getal Blankes — en dus ook die Boere-Afrikaner — en die res van die bevolking.

Daar is geen konstitusionele manier waardeur die Boere-Afrikaner weer die regeermag oor Suid-Afrika kan herwin nie, en om as volk midde-in so 'n vyandige omgewing te oorleef, is nie moontlik nie vanweë die geweldige eksterne druk en invloede waaraan volksgenote blootgestel word.

Derhalwe is die Volksraad van mening dat ons volk hom slegs kan verskans deur onself in dele van ons land te konsentreer waar ons getalle, kultuur en volkswaardes dominant sal wees, met uitsluiting van onassimileerbare volksvreemde elemente. Orania en Kleinfontein bestaan reeds en meer sulke gebiede moet gevestig word. Sulke gebiede moet geografies, bevolkingsgewys en ekonomies uitgebrei en versterk word ten einde voldoende werksgeleenthede te bied en uiteindelik van swart Afrika af te skei as vrye vaderland vir die Boere-Afrikanervolk, onder 'n Grondwet wat die oppergesag van die drie-enige God erken.

Intussen gaan die Volksraad voort om nasionaal en internasionaal druk op die Regering te monster ten einde hom te dwing om uitvoering te begin gee aan sy internasionale verdrags-

verpligtinge ten opsigte van ons volk se reg op selfbeskikking.

A.E. BREYTENBACH  
Voorsitter

Kleinfontein, 30 Julie 2013

## KENNISGEWING

Opvoering: Die Lange Hoop

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) gaan as deel van die Groot Trek 175 herdenking die versdrama *Die Lange Hoop* vanaf 24 tot 28 September 2013 in die Senotaafsaaal by die Voortrekkermonument opvoer. Dit word gedoen in samewerking met die BCVO, Radio Pretoria, AfriForum en die Voortrekkermonument.

Dié versdrama deur dr Steyn Steenekamp is die eerste een sedert DJ Opperman se versdrama, 'Vergelegen', wat in 1956 geskryf is, en belooft om iets besonders te wees.

*Kaartjies is nou beskikbaar teen R100 stuk vir hierdie pragstuk vertoning..*

Vir meer inligting, kontak Jenny Ouwenkamp van GHA by 012-335-3321 of epos versoek na: [gha@afrikaans.org.za](mailto:gha@afrikaans.org.za)

ANDRÉ ALKEMA  
Voorsitter: GHA

Pretoria, 30 Julie 2013

## Verengelsing: die groot bedreiging

Niemand kan dit betwis dat die hensopbeleid van FW de Klerk en die Nasionale Party die grootste skade ooit aan die Afrikanervolk berokken het nie. Een van die ernstigste gevolge daarvan was die snelle verengelsing in die Suid-Afrikaanse samelewing: op alle vlakke en onder al die bevolkingsgroepe. Die Afrikanervolk betaal daarvoor die duurste prys.

Ons sien daagliks hoe Engels terreine verower binne ons geledere: in kerkgeboue waar Afrikaners eredienste in Afrikaans gehou het, hou gemengde groepe dienste in Engels. Talle evangeliese groepe waarin Afrikaners steeds die leiding neem hou deesdae hul dienste in Engels.

Talle Afrikaanse skole is omgeskakel na veelrassige skole en daar word onderwys al meer in Engels aangebied. Afrikaanse skole wat as so-

danig behoue gebly het verkeer onder druk om klasse in Engels aan te bied om sodoende die anderskleuriges in dié skole ter wille te wees.

Rassevermenging in die onderwys is in werklikheid die doodsklok vir Afrikaans, soos mens dit tasbaar waarneem op die kampusse van die voormalige Afrikaanse universiteite. Besoek maar die universiteite van Stellenbosch en Pretoria, die kampus van die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit, die Universiteit van Potchefstroom en andere, en jy sien hoe Afrikaans as gebruikstaal aan die kortste end trek.

Baie mense het al vergeet hoe die SAUK reeds onder die NP-bewind sterk begin verengels het. Afrikaners was nog aan die leiding van die SAUK toe die TV-kanale drasties vermeng is en hul programme al meer verengels het. Vandag bied die SABC bitter min egte Afrikaanse programme aan.

Almal weet wat in die staatsdiens en semi-staatsinstellings gebeur het. Blanke amptenare is onder die beleid van "regstellende aksie" uitgedryf, en daarmee is Afrikaans as gebruikstaal ook uitgedryf. Dit maak nie saak dat elf tale as amptelike tale in die grondwet erken word nie. Dit maak aan die kommunistiese heersers se diskriminerende praktyke geen snars verskil nie.

Die nuwe personeel wat aangestel word in die staatsdiens kan eenvoudig nie Afrikaans handhaaf nie, want hulle is nooit behoorlik opgelei om Afrikaans te gebruik nie. Afrikaans word deur die owerhede geïgnoreer al sê die statistiese opnames dat dit die belangrikste gebruikstaal in Suid-Afrika is. Vanselfsprekend word Afrikaans deur die ANC-bewind geminag, want die Afrikaners word as die politieke misdadigers van die verlede aan hul volgelinge voorgehou, selfs tot dié mate dat die slagkreet "skiet die boer" nog voortleef in hul geledere. Afrikanerhaat is 'n voorwaarde vir die regverdiging van die ANC se terreurveldtog en sy stryd teen apartheid.

Die verandering van die name van Afrikaanse dorpe, hoofweë, en strate (en ook van damme, staatsgeboue, universiteite en lughawens) hou met hierdie benadering van die ANC-bewind verband. Die simbole van die Afrikaanse wêreld, wat luid aankondig dat dit ons land was en steeds is, word stelselmatig afgebreek.

Hoeveel van ons belangrike monumente en museums moes nie ook deurloop onder die nuwe heersers se begeerte om die Afrikanerverlede te beswadder of te verwyder nie. In die Pierneefmuseum wat in Vermeulenstraat in Pretoria geleë was, is daar kort na 1994 'n propagandistiese foto-uitstalling gehou van fotografe wat teen apartheid gekant was en die ANC se stryd gesteun het. By die Voortrekkermonument te Winburg is 'n prominente gedenkteken vir die ANC se vroueliga aangebring.

Dit is maar enkele voorbeelde van die aanslag teen ons volk se geheue. Dit het alles 'n invloed op die status en die kulturele aansien van Afrikaans. Want wanneer 'n volk verneder word, is sy kultuurgoedere en sy taal nie meer so aantreklik vir die opkomende geslagte nie. Die skuldgevoel wat by die Afrikanervolk aangekweek is moes ook lei tot 'n skuldgevoel oor sy kultuur. En daarom word Afrikaans beskuldig daarvan dat dit sogenaamd "bevoorreg" was.

Die hele toneel wat hierbo in breë trekke geskilder is, is nog nie volledig nagevors nie. Dit is miskien tyd dat Afrikaanse organisasies saamspan om 'n behoorlik opname te maak van die verliese wat Afrikaans oor die afgelope twee dekades gely het. Dit is nodig om so 'n gesaghebbende studie te doen, om die verwarring wat rondom ons taal en ons politiek ontstaan het op te klaar. Baie glo nog dat die NP se oorgawe in 1994 noodwendig en goed was vir Suid-Afrika.

Daar word soms gesê dat dit goed is dat Afrikaans so onder druk gekom het, want dit beteken dat Afrikaners nou ontwaak en nuwe weë moet vind om hul kultuur te handhaaf. Waarom kan hierdie ramspoedige pad enigsins voordelig vir ons wees, gesien die gevolge daarvan oor die lang termyn? Was dit byvoorbeeld voordelig vir Afrikaans dat ons opleidingskolleges vir onderwysers gesluit moes word, of dat Afrikaners na die buiteland verhuis het?

Sou diegene wat die situasie probeer goedpraat ook meen dat die Vryheidsoorlog van 1899-1902 vir ons goed was, omdat dit gelei het tot wye verset op kultuurgebied?

So kan daar nie geredeneer word nie. Die skade wat gedoen is moet inderdaad omgekeer word. Byna op elke terrein van die volkslewe sal Afrikaans van nuuts af verdedig, bevorder, versterk en uitgebou moet word.

Dit is geen troos vir ons as ons na baie van ons nuwe Afrikaanse kunsfeeste kyk en besef dat dit ook maar 'n gemengde spul met 'n liberale agenda is nie. Almal is dankbaar vir die nuwe lewe in Afrikaanse musiek, vir die oplewing in die publikasie van Afrikaanse boeke en vir nuwe radiodienste. Maar dit beteken nog nie die volstrekte uitlewing van 'n bewuste en doelgerigte taalstryd deur die hele Afrikanervolk nie.

MEINHARD PETERS

Instituut vir Kultuur en Geskiedenis

Pretoria, 28 Julie 2013

---

## Die Vaste Fondament

"Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie!

God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elia sê nie?—hoe hy by God optree teen Israel en sê:

Here, hulle het u profete gedood en u altare afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe!

Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie."

Romeine 11:1-4

---